NUUSBRIEF

04/2016

SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

HEERLIKE LENTE!

SADPO HOFSAAK:

Uitspraak is gelewer op 6 September 2016 in die Hooggeregshof, Pretoria. Die aansoek is toegestaan *met* koste. Alhoewel die Konstitusionele Hof sekere aspekte van die Uitspraak moet bevestig, is daar intussen 'n interdik uitgereik wat Die Minister van Minerale & Energie, Die Departement van Minerale & Energie en die Regulator verbied om Seksie 20A van die Diamantwet no 56 van 1986, toe te pas op **SADPO se lede**.

VERSAMELING VAN STATISTIEK:

Ons is bewus van die druk wat ons lede ervaar ten opsigte van inspeksies en oudits uitgevoer deur die Departement van Minerale Sake. Ons is ook bewus van die feit dat ons regstellings van ons kant af moet maak, maar is ook deeglik bewus dat daar somtyds onregverdig teen ons opgetree word. Baie van hierdie onregverdigheid absorbeer ons net om te verhinder dat ons nie totaal gestop word nie, aangesien die koste hieraan verbonde eenvoudig nie bekostig kan word nie.

Ten spyte van die feit dat SADPO sogenaamd 'n "*oop deur verhouding*" met die Departement het, weet ons dat ons nie altyd die inligting rondom probleme vanaf lede ontvang nie, as gevolg van 'n vrees vir viktimisasie. Dit is en bly vir ons onaanvaarbaar dat ons lede uit 'n posisie van mag mishandel word. Die enigste manier om hierdie probleem aan te spreek, is deur gesamentlike optrede sonder om individuele identiteite bekend te maak. Om hierdie funksie behoorlik te vervul het SADPO inligting nodig wat ons instaat sal stel om statisties ook uit 'n posisie van mag in gesprek te kan tree met die relevante owerhede om hierdie probleem aan te spreek. Ons is nie agter elke lid se individuele inligting nie, maar wel ons almal s'n as 'n kollektief. Tesame met hierdie Nuusbrief is hierook 'n Versameling van Statistiek Vraelys aangeheg en versoek ons u vriendelik om dit te voltooi en aan die Sekretaris te stuur.

INSPEKSIES:

Verder aangeheg aan hierdie Nuusbrief is ook 'n Inspeksie vraelys wat ons vriendelik versoek voltooi moet word na elke inspeksie om aan ons rapporteer hoe die inspeksie afgeloop het. Dit sal ons instaat stel om byvoorbeeld te kan sê in die Douglas gebied was die afgelope 2 weke 7 inspeksies by van ons lede. 90% van hulle het gekla oor die gesindheid van die inspekteurs en / of 80% voel hulle is onregmatig behandel ens., of almal was baie tevrede. Dit gee dan aan ons die geleentheid om wel in gesprek te tree met die relevante owerheid sonder om individuele mense te identifiseer. So skakel ons moontlike viktimisasie uit en tree terselfdertyd sterk op deur te wys dat ons nie sal toelaat dat daar onregmatig oor ons geloop word nie. As als goed gegaan het tydens 'n gegewe inspeksie, wil ons ook dit met dankbaarheid onder hulle aandag bring.

SADPO ALGEMENE JAARVERGADERING:

Ons het in Julie ons algemene jaarvergaderings gehad, waartydens ons nuwe grondwet goedgekeur is, Mnr Pieter Keeve weer aangestel is as Ouditeur, asook die hele Nasionale Komitee herverkies is – baie geluk!

BESOEK AAN LEDE:

Die Voorsitter en Sekretaris het ook reeds begin om ons lede te besoek in verskeie streke om die lidmaatskap vorms te voltooi.

SADPO se besoek aan die Van Heerdens te Lichtenburg. Van links: H.P, Gert van Niekerk, Piet, Brandt & Klaas.

LES MEYER

Dit is met leedwese wat ons verneem het van die afsterwe van ons vriend en kollega. Hy was vir my ook 'n mentor in die jare wat ek as voorsitter van SADPO gedien het. Sy integriteit en toewyding aan die diamantbedryf was altyd en sonder enige twyfel bo verdenking en vir ons almal 'n voorbeeld om na te streef. Les ons eer jou nalatenskap! Die hele diamantbedryf is armer sonder jou. Ons gaan jou mis. – *Voorsitter*

Nasionale Komiteelede: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, HF Cilliers, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos
Tenderhuise: CS Diamonds, NDM

Webtuiste: http://sadpo.co.za/ Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737